Knapsak 29

Maart 2019

Geagte Rapportryers en vriende

GOEIE WENSE EN 'n GETUIENIS VAN DIE VISE-PRESIDENT AS INSPIRASIE VIR 2019!

"Goeiemôre my mede-RRB vriende,

Wat 'n voorreg om julle nog 'n jaar in ons mooi land, Suid-Afrika, te kan groet en seën toe te wens vir 2019.

2018 was 'n jaar wat sy ops en afs rof gehad het, maar ek glo dat 2019 die jaar is van groei in ons land en in ons Rapportryerbeweging.

Ek dra gereeld op 'n Saterdag my RRB-pet en in die een winkel stop 'n ou oom my en raak toe vreeslik nostalgies oor sy Rapportryerjare. Dit was sy beste vriende, (ons het lekker gelag en amper gehuil ook! Twee vreemdelinge, jonk en oud, gesels soos ou vriende).

Net so is hierdie organisasie vir my een groot familie en so lekker om te weet, daar is nog mense in ons land, wat nie net aan hulle self dink in hierdie gejaagde land nie, maar wat nog sterk staan en 'n verskil wil maak.

Ek is opgewonde om nog 'n jaar saam met julle te stap. Kontak my gerus as daar enige vrae is of sommer net vir 'n lekker gesels."

Danie Odendaal (079 080 7791)

Die RRB Dagbestuur en die Bybelvasvra Projekspan wil graag groter betrokkenheid van lede by die Bybelvasvra stimuleer – veral van korpse op plekke waar die vasvra nog nie aangebied word nie.

Lede word dus hartlik uitgenooi om die Finaal by te woon. Dit vind hierdie jaar plaas in Hartenbos die naweek van 18 tot 20 Oktober 2019. Lede moet asseblief betyds self verblyf reël vir hul eie koste. Stel ook vir Hennie Schmidt (084 603 6037 rrbbybelvasvra@gmail.com (mailto:rrbbybelvasvra@gmail.com)) in kennis sodat hy plek by die dinee kan reserveer.

Kom deel gerus in die vreugde en feesvierings van hierdie geskiedkundige jaar!

BYBELVASVRA-BAROMETER VIR 2019



Die uitdaging soos gestel in Knapsak 28 word maar weer herhaal, naamlik dat elke korps wat nog nie 'n bydrae gemaak het nie, **R4 200** probeer bewillig om van hierdie 40e bestaansjaar 'n suksesvolle fees te maak.

Die volgende bydraes is reeds met GROOT waardering ontvang:

Newcastle-korps (**R25 000!**), Boekenhout-korps (**R10 000**), Jakaranda-korps (**R9 500**), Vereeniging-korps (**R4 000**), Magaliesburg-korps (**R1 400**), Jan Fourie – Bloemfontein Oranje (**R1 000**). Totaal **R50 900**.

Boekenhout-korps het 'n verdere **R10 000** beloof terwyl Bethlehem- en Bloemfontein Oranje-korpse onderneem het om hul bydrae van **R4 200** elk te maak en Boksburg-korps gaan poog om GROOT te gaan met 'n beplande Gholfdag! Hulle het egter nog geen belofte gemaak nie. Die ander korpse het sekerlik teen hierdie tyd hul begrotings vir die jaar afgehandel en ons wag in spanning op die ondernemings van:

Klerksdorp-, Graaff-Reinet Spandau-, Grahamstad-, King Williamstown-, Ugie/Maclear-, Caledon-, Kuilsrivier- en Wellington-korpse!

Danksy die meer-as-gevra bydraes van Newcastle-, Boekenhout- en Jakaranda-korpse kort ons nog net R20 900! Hierdie is Koninkrykswerk en die nasionale vlagskip-projek van die RRB. Ons vertrou dat die Here sal voorsien deur die betrokkenheid en goedgesindheid van al ons korpse!

DIE STRUWIG/GERMISHUISEN KANKERNAVORSINGSTRUST

Die Trustvoorsitter, Ludi Schulze, rapporteer dat die trust op 24 November 2018 sy jaarlikse toekenningsvergadering gehou het. Die volgende toekennings is op aanbeveling van die formidabele Professor Annie Joubert goedgekeur:

1. Ilana Basson (Tweede jaar PhD – Velkanker) - R37 000
2. Melissa Blumenthal (Finale jaar PhD – Kanker en HIV) - R32 000
3. Iman van den Bout (Na-doktoraal – Borskanker) - R30 000
4. Gerda Venter (Na-doktoraal – Borskanker en dosent/studieleier) - R30 000

Die trustfondse word baie goed bestuur en groei steeds ondanks die toekennings wat van tyd tot tyd gemaak word.

Ons is trots op die goeie werk wat hierdie trust doen en die leidende betrokkenheid van een van die RRB se voormalige presidente, Ludi Schulze.

KORPSNUUS

Korpsargiewe:

Al ooit gewonder oor die volgende dinge?:

- Wanneer het my korps tot stand gekom?
- Hoe is die aktiwiteite van my korps sedert sy ontstaan geboekstaaf?
- Waar en hoe word hierdie anale bewaar?
- Hoe word rekord gehou oor die bates van die korps en wie is verantwoordelik vir die bewaring en instandhouding daarvan?

Sommige korpse soos Caledon en Newcastle het ’n vaste hoofkwartier waar hierdie geriewe maklik ingerig kan word. Ander is nie so gelukkig nie en argiewe swerf maar van sekretaris tot sekretaris en steek soms ongekontroleerd iewers vas terwyl ander bates soms onbedoeld ’n nuwe baas kry!

Hieronder is ’n voorbeeld van ’n alternatief wat oorweeg kan word in ’n plekkie in iemand sy huis of motorhuis. Dit kan ook redelik maklik verskuif word indien nodig. Dit is verder uiters belangrik dat ’n volledige inventaris bygehou en telkens met die verwisseling van sekretarisse deur die inkomende sekretaris gekontroleer en opgedateer moet word en deur beide onderteken moet word met vermelding van die datum.

Laat weet gerus hoe jou korps dit doen!

Pretoria – Jakaranda:

Die korps het in die uur van nood positief reageer op die behoeftes van ’n sorgsentrum vir hawelose babatjies, “Spreading the Love”.

’n Inspirerende aanhaling uit die bedankingsbrief van hierdie organisasie:

“Ons kan miskien nie hierdie wrede wêreld verander nie maar stuk, stuk kan ons saam ‘n verskil maak!!”

Rapportryer WL Roos en Lizelle Oosthuizen-Anderka

Dundee:

Muur van Vrede en Versoening

Hierdie muur is opgerig en onthul in 1999 deur Rapportryerskorpse van Dundee en geborg deur die plaaslike Indiërgemeenskap.

Hierdie muur bring alle oorloë en Suid-Afrika se betrokkenheid daarby in herinnering. Oorloë waarby Boer, Brit, Zoeloes, Indiërs betrokke was. Wêreldoorloë en selfs die Grensoorlog.
Die woorde op die muur spreek absoluut tot die leser:

"Rapportryerskorpse van Dundee, verteenwoordigend van die Afrikaner, reik ‘n hand van welwillendheid, versoening en samewerking uit na alle bevolkingsgroepe en volkere van die wêreld tot voordeel van die Republiek van Suid-Afrika. Mag die inwoners van die land nooit weer oorlog as ‘n vorm van aggressie en onderdrukking ervaar nie. "

Ons vertrou dat daar eersdaags weer ’n korps in Dundee sal opstaan om hierdie kosbare erfenis te vertroetel en in stand te hou vir die nageslag!

Rapportryergroete!

Danie Eichstädt

Sekretaris

Last modified on Tuesday, 11 June 2019 18:08